Uitgawe

2

Somerstrand

Ned. Geref. Gemeente

Gemeenteplan 2012

Die NG Kerk Somerstrand is 'n hawe
wat mense versorg en stuur
sodat ons met vreugde kan lewe en
met liefde kan dien
vanuit 'n vaste geloofsverbintenis
met Jesus Christus ons Hoof.

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe 2
A. Bedieningsplan 3
1 Oorsig 3
2 Bedieningsmodel 3
3 Fokus 2012 5
4 Bedieningsraad 6
5 Klema 18
6 Bestuursraad 19
7 Ouderlingeraad 22
8 Kleingroeperaad 24
B. Bestuursplan 25
1. Bestuursmodel 25
2. Die Kerkraad 26
3. Bestuursraad 27
4. Bedieningsraad 30
5. Ouderlingeraad 31
6. Kleingroeperaad 32
7. Klema 33
8. Dagbestuur 33
ADDENDUM A 34
Agt Patrone van Gestuurde Gemeentes 34

A. Bedieningsplan

1 Oorsig

Die Bedieningsplan is 'n samevatting van hoe die Kerkraad tans die Here se wil rondom die gemeente se bediening onderskei. As sulks is dit nie 'n statiese dokument nie, aangesien onderskeiding 'n voortdurende proses is waarin daar gesoek word na die Here se wil en seker gemaak word dat ons binne sy wil bly. Hierdie dokument dien gevolglik as riglyne by die Kerkraad se kwartaallikse gesprekke soos in B2.3 ("Vergadertye") uitgespel.

1.1 Missie

Die NG Kerk Somerstrand is 'n Hawe wat mense versorg en stuur, sodat ons met vreugde kan lewe en met liefde kan dien vanuit 'n vaste geloofsverbintenis met Jesus Christus ons Hoof.

Onder leiding van die Heilige Gees verbind ons ons daartoe om:

- *toenemend te lewe in 'n liefdesgemeenskap*
- *al meer vanuit Sy Woord toegerus te word*
- *elkeen volgens hul gawe verantwoordelikheid te aanvaar vir dienslewering:*
  - *in die gemeente en*
  - *in die wêreld*

sodat Christus te alle tye eerste in almal en alles is.

1.2 Fokusareas*

- Bybels Vorming en Dissipelskap (Patroon 2)
- Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer (Patroon 4)
- Afhanklikheid van die Heilige Gees (Patroon 6)
- Roepingsgesag (Patroon 8)

* Sien Addendum A. Hierdie is die patrone wat die gemeente tydens die gemeentevergadering in November 2004 gekies het om op te fokus.

2 Bedieningsmodel

2.1 Inleiding

Die Kerkraad bepaal die fokus van die gemeente se bediening, sodat die gemeente in lyn bly met die missie wat ons van die Here ontvang het.

Om volhoubare verandering teweeg te bring, werk die Kerkraad met die onderstaande model:

2.2. Aanpasbare Verandering

Ons glo ware verandering gebeur wanneer ons werk aan dié dinge wat onder die lyn lê, wat onsigbaar is. Hoewel skuiwe aan die "hoe" van die bediening verandering teweeg kan bring, sal dit altyd minimaal wees. Werklike, volhoubare groei gebeur wanneer ons aandag gee aan ons roeping en waardes. Gevolglik kies die Kerkraad om op die gestuurde patrone te fokus en te besin oor die visie en waardes wat onder die werk lê wat ons reeds doen.

2.3. Model

Die Kerkraad en verskillende bedieninge gebruik deur die loop van die jaar telkens die volgende model om te besin waar die Gees tans met ons werk en hoe ons gaan groei in die verskillende fokusareas:

Dit beteken dat elke kommissie / bediening by hulle byeenkomste kyk na die fokusarea vir daardie kwartaal en dan vier vrae vra:

a. Waarmee is God besig? Waar sien ons dat hierdie patroon geleef word?
b. Waar kan ons dit verder uitbou? Waar het die Here reeds ruimtes geskep wat ons kan benut vir die proses?
c. Hoe moet ons dit doen?
d. Wat het ons nodig om dit te doen?



Om werklike, aanpasbare verandering te bring, is dit nodig dat ons nie net bokant die oppervlak, aan die sigbare, verander nie, maar dat ons ook onder die oppervlak na die waardes en roeping wat onderliggend funksioneer, kyk. Ons weet dat daar vier maniere is waarop visie en waardes sigself uitdruk:

Om dus 'n visie deel te maak van die kultuur van 'n gemeente, word daar begin by taal: die visie word verwoord. Dan word daar basiese vaardighede aangeleer, die waardes

word gemodelleer en uiteindelik word die visie geïntegreer, dus deel van die gemeente se gewoontes.

Wanneer vraag (c) gevra word: "Hoe moet ons dit doen?", word daar bepaal of daar gewerk moet word aan taal, vaardigheid, waardes of gewoontes.

3 Fokus 2012[1]

3.1 Kleingroepe

3.2 Multi-generasioneel

3.3 Missionaal

3.4 Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer

[1] 3.1-3.4 is 2011 se fokuspunte – die Kerkraad besin in November oor 2012 se fokus.

4 Bedieningsraad (Voorsitter: Martie Coetsee)

4.1 Barmhartigheid: Gemeenteaksies (Martie Coetsee 041 583 3500)

4.1.1 Cheshire

- Tertius Swanepoel (041 583 5360) besoek daagliks inwoners en sien om na geestelike en fisiese behoeftes.
- Daar is 'n Bybelstudiegroep o.l.v. Carl Schmitt (041 583 5651) en Dewald Millard (041 583 5223).
- Een maal per kwartaal word Nagmaal bedien aan lidmate en ander belangstellendes deur Kobus Prinsloo[2], Martie Coetsee en Emily-Ann Scoccia.
- Enkele vrywilligers besoek individuele inwoners.
- Lidmate word op hulle verjaarsdae besoek.
- 'n Gesellige braai word een maal per jaar gehou vir die inwoners en skenkings word hiervoor ontvang van lidmate.

4.1.2 Hospitaalbediening

Johan Lambrecht werk in die verskillende hospitale as vrywillige geestelike versorger. Die gemeente gee 'n donasie ter ondersteuning van die diens.

4.1.3 Siekebesoek (Christa Marais 041 583 4550)

- Siekebesoek word gedoen deur Christa Marais, Joyce Coetzee en ander helpers. Hulle besoek en stuur 'n kaartjie aan lidmate wat siek is.
- Kobus Prinsloo is verantwoordelik vir lidmate met ernstige, langdurige siekte.

4.1.4 Vistarus (Christine Veldsman (041 583 3341)

- Selgroepe skakel met Kobus en Lynette Jacobs om betrokke te raak op verskillende gebiede.
- Christine Veldsman reël 'n Vriendskapsevangelisasie-groep om op 'n gereelde basis dames by Vistarus te besoek en aan die einde van die jaar word 'n tee by die kerk vir hulle gereël.

4.1.5 Protea Plek van Veiligheid

Klema (041 583 6438) is betrokke by hierdie bediening. Hulle besoek die inrigting op 'n gereelde basis om met die kinders te speel en 'n geestelike boodskap te bring.

4.1.6 ACVV (Elsje Nelson 041 583 2624)[3]

'n Finansiële bydrae word jaarliks gemaak vir 'n werkskeppingsprojek. Elsje Nelson is nou betrokke by een van die takke wat verantwoordelik is vir 'n huis vir straatkinders.

4.1.7 CMR: Christelike Maatskaplike Raad (Martie Coetsee 041 583 3500)

CMR bied professionele dienste en ondersteuning aan mense in nood ten einde hulle lewenskwaliteit te verbeter sodat hulle tot hulle beste potensiaal kan funksioneer. Martie Coetsee tree as verteenwoordiger op. Behoeftes word bekend gemaak in die gemeente-afkondigings en klere, kos, komberse en finansiële bydraes word geskenk en by die CMR kantore afgegee.

---

[2] Ek (Rethie) het hier en by 4.3 Deon Binneman se naam vervang met Kobus Prinsloo.
[3] Ook Parkinson's Ondersteuningsgroep uitgehaal – dit funksioneer nie op die oomblik nie.

4.1.8 Kwazakhele Dienssentrum (Johan McFarlane 041 583 3674)

Die Dienssentrum vir bejaardes ontmoet 3x per week. Hulle word besig gehou met handwerk, gesels, speletjies, uitstappies en etes. Somerstrand gemeente se maandelikse bydrae help om die kok en die organiseerder se salarisse te betaal. Samewerking vind plaas met ACVV Noord en Johan McFarlane is Somerstrand se kontakpersoon. Aan die einde van die jaar word 'n gesellige Kersfunksie in die kerk vir die bejaardes van die sentrum gehou deur 'n Bybelstudiegroep.

4.1.9. MTR Smit Kinderoord

- Die belangrikste doelwitte is om die huis te verfraai, uitstappies te reël en kinders kreatief besig te hou, asook om die 16 dogters van Huis 9 van persoonlike benodighede te voorsien. Charlene Brewis (041 583 5699) en Louise Bam (041 583 4799) is die skakelpersone van die gemeente. Charlene woon kwartaalliks Forum-vergaderings by die oord by.
- Donasies van kleingroepe en individue word gebruik om kwartaallikse uitgawes te dek.
- 'n Selgroep het onderneem om hierdie jaar betrokke te raak by Huis 9 en op 'n gereëlde basis die kinders op uitstappies te neem en in spesifieke behoeftes te voorsien.

4.2. Barmhartigheid: Gemeenskapsakies (Theo Havemann 0415832894)

4.2.1. Barcelona voedingskema

- Hierdie voedingskema voed Dinsdae en Donderdae ongeveer 350 kinders tussen die ouderdom van 3 en 15 jaar met samp en bone gemeng met groente (wortels, aartappels) tamatie-puree en vleis-bene.
- Op Woensdae word ons fasiliteite (twee vraghouers) gebruik vir 'n munisipale kliniek wat die gebied bedien.
- Patmos gemeente gebruik die fasiliteite op Vrydae om sop en brood aan die gemeenskap te bedien.
- Elke sessie word vooraf gegaan deur sang en 'n evangelisasie boodskap. Die aanbieders word opgelei deur "Street Evangelism".
- By ons jaarlikse Kersfunksie vir al die kinders word lekkernye en Kersgeskenke uitgedeel. Die volwassenes wat behulpsaam is kry ook 'n Kerspakkie en 'n maaltyd.
- Ronny verdien vanaf Maart 2010 'n salaris by 'n ander gemeente.

4.2.2. Bosslapers

Ons raak slegs betrokke by die bosslapers indien daar probleme is wat dringend aandag nodig het. Soms vind ons kinders in die bos wat nie skoolgaan nie of volwassenes wat weens omstandighede geen ander heenkome het nie. Dan verskaf ons kos en klere, soek familielede of plekke wat hul kan inneem, betaal vir hul aanvanklike verblyf by nuwe plekke en/ of vervoer hulle na familielede elders in die land. Hannes Marais (041 583 4550) is betrokke by bosslapers wat in die bos wil bly.

4.2.3. Houtkap-projek

'n Aantal mense wat in die bos woon, word ondersteun met hul houtkap-projek. Hulle is aanvanklik van 'n saag voorsien, maar het intussen heeltemal selfversorgend geraak.

Tans word hulle gehelp met die vervoer en afset van die hout. Hulle word ook gehelp met die aanry van water, stortgeriewe by Die Willows en vervoer na kerk op Sondag-aande. Hulle het reeds 5 sae self aangekoop en is nou selfversorgend t.o.v. kos en petrol.

4.2.4. Sydenham Ouetehuis

Twee maal per week neem ons al die verby-vervaldatum produkte van die nuwe Super Spar in Somerstrand na hierdie ouetehuis in Sydenham. Dit sluit in vrugte, groente, brood, blikkies kos asook al die vorige aand se warm disse. Die 42 hulpbehoewende senior burgers se finansiële las word aansienlik hierdeur verlig.

4.2.5. Bedelaars

Bedelaars bly maar 'n groot probleem aangesien hierdie mans en vroue op die straathoeke genoeg verdien om in hul eie behoeftes te voorsien. Hulle verkies dus om hiermee voort te gaan.
Siyakathala is 'n oornag-verblyfplek waar hierdie mense vir 'n bedrag van R10 kan stort en in 'n skoon bed kan slaap. Hier word egter streng dissipline toegepas en dit veroorsaak dat sommige mense nie die fasiliteit wil gebruik nie.

4.2.6. Gemeente hulp

Daar is gereël dat ons die 80 brode per week vir Barcelona, van Britto's verniet kry. Ons glo dat hulle dit hierdie jaar weer sal hernu aangesien ons tans besig is om die versoek te doen. Vier ander gemeentelede gee ook getrou maandelikse bydraes aan Finro Groothandelaars waar bestanddele vir die voedingskemas en kruideniersware vir hulpbehoewende gesinne aangekoop word. Ons benodig 'n borg vir een 19kg gasbottel per maand. Ons ontvang maandeliks versoeke van gesinne vir 'n kospakkie. 'n Deurkollekte van R3 000 wat tydens die Kers-tydperk in ons gemeente ingesamel is, is gebruik om die skoolfonds te betaal van kinders van die persone wat kos kook by die voedingsprojekte aangesien hulle self werkloos is.
Stadium slaghuis skenk die meeste van die sopbene wat in die samp en bone gebruik word. Verdere kontantuitgawes word benodig vir:

- Aankoop van groente (kontant aankope - borg van ander gemeente gekry)
- Brandstof vir die daaglikse verspreiding van voedsel en ander goedere
- Vervoerkoste (per trein of bus) na familielede
- Tydelike verblyf vir hulpbehoewendes totdat permanente vesting gevind is.

4.3. Jeug (Biffy Joubert 041 583 1627)

4.3.1. Sterretjies (Susan Coetzer 041 583 3985)

Met behulp van verhale, staaltjies, prente en illustrasies word Christelike beginsels, waardes en gewoontes aangeleer. Die ***Sterretjies*** sluit alle voorskoolse kinders en hul ouers in. Erediensstoepasssing op Sondae (9:30-10:00). Moeite word gedoen om die erediensstoepassing met die erediens in te kerk te integreer. Tans word daar elke kwartaal materiaal ontwikkel in lyn met die erediens-temas.

4.3.2. Shine

Shine, die bediening aan die Graad 4-7's sluit in:

- Sondae se erediensstoepassing (9:30-10:00) - Rethie van Niekerk 041-583 5115. Moeite word gedoen om die erediensstoepassing met die erediens in te kerk te integreer. Tans word daar elke kwartaal materiaal ontwikkel in lyn met die erediens-temas.

- Daar is nie tans 'n Koffiekroeg nie – indien daar ouers gevind kan word om hierin leiding te neem, sal dit goed wees as dit weer aan die gang kom.
- Jan Coetzer verteenwoordig ons by Hoogland se Avontuurweek-span. Ons neem deel aan die beplanning, voorbereiding en aanbieding van Avontuurweek. Ons kinders woon Avontuurweek by Hoogland by.

4.3.3. Synergy (Morag Pieterse 041 583 2118)

Vir die Tienerbediening gaan ons poog om in 2012 'n komitee saam te stel, bestaande uit tieners. Hierdie groepie sal dan reflekteer wat die behoefte is onder die tieners en reaksie daarop beplan en uitvoer.

4.3.3.1 Selgroepe

Daar is 'n paar tieners wat graag by spesiale selgroepe wil inskakel. Ons probeer jongmense kry om hierdie selgroepe te lei. In 2011 kon ons nie leiers vind nie. Ons sal in 2012 weer probeer.

4.3.3.2 Legacy

Daar is definitief 'n behoefte onder die tieners om hul eie "band" te hê. Verskeie van hulle het aangedui dat hulle daarin sal wil speel. So 'n groep sal dan by spesiale byeenkomste, informele dienste en selfs die Gr 4-7's se toepassing kan speel. Ons soek 'n volwassene om die groepe te lei.

4.3.3.3 Dissipelskap

Sondae 17:30-18:30 - Rethie van Niekerk 041 583 5115
Daar sal gepoog word om een maal per kwartaal 'n gesamentlike byeenkoms te hou vir al die tieners. Die doel van die byeenkoms is om gemeenskap te vorm en afwisseling te bied.

4.3.3.4 Belydenisgroep

Ter voorbereiding vir Belydende Lidmaatskap, Belydenisaflegging en Matriek Stuurdiens - Morag Pieterse 041 583 2118

4.3.4 Kategese - Senta Jacobs (041 583 2501)

Gr 1-3 Sondag-oggende 9:30-10:00; Gr 4-7 10:00-11:00 (sommige groepe werk korter – die tyd sal hersien moet word). Gebruik NG Kerk se materiaal.

4.3.5 Familiebediening (Rethie van Niekerk 041 583 5115)

4.3.5.1 Familie-vriendelike eredienste

Families moet saam in 'n positiewe atmosfeer die Here kan aanbid. Informele eredienste word 2x per kwartaal gehou om hierdie gewoonte te vestig.

4.3.5.2 Nagmaal

Ons moet werk daaraan om families meer betrokke te kry by die Nagmaal. Materiaal is ontwikkel om ouers te help om hul kinders voor te berei vir Nagmaal. Hierdie materiaal word deurlopend aan ouers aangebied. Ons wil ook die kultuur vestig dat ouers ons laat weet wanneer kinders vir die eerste keer Nagmaal gebruik, sodat dit spesiaal gevier kan word.

4.3.5.3 Doop

Materiaal sal in 2012 ontwikkel word wat tydens doopkategese aan ouers gegee kan word, om hulle beter toe te rus vir hul taak in geloofsoordrag.
Biffy Joubert vorm 'n span wat opvolg – hulle sal ouers besoek 'n jaar nadat die kind gedoop is, met 'n spesiale geskenk. Hulle sal ook vir die gemeente nuus bring oor die kind.

4.3.5.4 "Take it home-events"

Ons beplan om in 2012 te begin met "take it home-events" ('n gepaste naam moet nog gevind word). Ouers en kinders ontmoet een maal 'n jaar tydens 'n reeds staande byeenkoms. Tydens hierdie byeenkoms word lering gegee oor 'n spesifieke saak, dit word ingeoefen en materiaal word verskaf om dit volhoubaar by die huis te gaan leef.
Moontlike geleenthede:

- 0-3 jaar en ouers: Om jou kind te seën – tydens voorskoolse toepassing
- 4-6 jaar en ouers: Hoe om te bid - tydens voorskoolse toepassing
- Gr 1-3: Hoe om Bybel te lees – tydens kategese-tyd
- Gr 4-7: Diensbaarheid – tydens kategese-tyd
- Gr 8-11: Kommunikasie – tydens kategese-tyd

Ander moontlike temas:

- Nagmaal
- Geld
- Musiek & media
- Kerk
- Roeping

4.3.5.5 Materiaal

Materiaal is reeds ontwikkel om ouers te help om hul kinders te leer van Nagmaal en Dankoffers. Daar sal deurlopend materiaal ontwikkel word om ouers toe te rus vir hul taak van geloofsoordrag.
Ons gee aan die einde van die jaar vir die gemeente poskaarte om vir familielede wat ver woon, te stuur. So bevestig ons dat families vir ons belangrik is en word kontak behou.

4.4. Gebed (Christine Veldsman 041 583 3341)

Deur saam of in jou binnekamer te bid vir die aktiwiteite van die gemeente word ons missie bewaarheid om met vreugde te leef en liefde te dien uit 'n vaste geloofverbintenis met die Jesus Christus die Hoof van die gemeente.

Sendingsgebedsgeleentheid. Elke Maandag 11:00 in die konsistorie – Nellie Crouse.

Persoonlike gebedsversoeke: Inligting in die voorportaal.

Biddend luister. Is jy bereid om elke week 'n uur opsy te sit om vir die gemeente te bid. Weeklikse gebedsriglyne is beskikbaar. Kontak ds Rethie van Niekerk by rethie@global.co.za

Maandelikse gebedslys vir die gemeente.

Sondae is daar in die voorportaal 'n gebedslys beskikbaar aan die hand waarvan voorbidding gedoen kan word vir gemeentelike aktiwiteite.

4.5. Getuienis (Thomas Stewart 041 583 2978)

4.5.1. Gestuurde Gemeente:

Die NG Gemeente Somerstrand is van oortuiging dat Christus se laaste opdrag in Mat 28:20 vir elke plaaslike gemeente geld. Dit hou in dat elke gemeente `n Gestuurde Gemeente is met `n roeping om dissipels te maak van alle nasies. Die gemeente het dus die verantwoordelikheid om alle lidmate toe te rus sodat almal hulle unieke plek in die liggaam kan vind (Ef 4:1-16). Om as gestuurde gemeente te kan funksioneer, is dit van wesenlike belang dat elke lidmaat sy of haar rol in die liggaam sal ken en verstaan.

Vir God gaan dit nie in die eerste plek oor die welwese van die plaaslike gemeente nie, maar oor die koms van die Koninkryk van God. Daarom leer Hy sy dissipels om te bid: "Laat U Naam geheilig word, Laat U Koninkryk kom, Laat U wil geskied.". Die plaaslike gemeente word wel deur God ingeskakel in sy planne met die koms van die Koninkryk. Die plaaslike gemeente kry die voorreg om deel van God se plan uit te maak en mee te werk aan die koms van die Koninkryk, hier plaaslik en daar ver.

4.5.2. Visie:

Ons is `n Hawe wat mense versorg en stuur, sodat ons met vreugde kan lewe en met liefde kan dien vanuit `n vaste geloofsverbintenis met Jesus Christus, ons Hoof.

4.5.3. Missie:

Om bg visie te help bewaarheid, wil die getuieniskommissie elke lidmaat wat gewillig is, begelei op `n pad van dissipelskap om sodoende,

a) sy of haar plek in die liggaam te vind en
b) sy of haar eie unieke gestuurdheid te ontdek.

4.5.4. Verwagte uitkoms:

Indien hierdie missie getrou uitgeleef word, glo ons dat die volgende uitkomste verwag kan word:

4.5.4.1. Lidmate sal bewus word van hulle eie unieke roeping binne die groter liggaam, sowel as in die wêreld waar hulle woon en werk. Hulle sal ook die nodige toerusting ontvang om dan hulle gestuurdheid, as deel van `n gestuurde gemeente, in die wêreld te kan uitleef.

4.5.4.2. Die gemeente as geheel sal sodoende tot `n groeiende besef en insig kom van wat die gemeente se unieke gestuurdheid in ons omgewing alles inhou.

4.5.4.3. Sommige lidmate mag dalk tot die insig kom dat hulle gestuur word na ander nasies, ander kultuurgroepe of ander lande om daar hulle gestuurdheid te gaan uitleef.

4.5.5. Take van die kommissie:

Om sinvol uitvoering te kan gee aan hierdie visie en missie, beoog die kommissie om die volgende aktiwiteite op `n deurlopende basis te bedryf:

4.5.5.1.Deurlopende bewusmaking van lidmate dat ons almal gestuurdes is en dat ons daarom `n gestuurde gemeente is (dat ons nie net twv onsself bestaan nie).

4.5.5.2. Jaarlikse werwing van lidmate vir die toerusting wat deur middel van die dissipelskap program gedoen word. Dit moet ook deurlopend gekommunikeer word dat lidmate juis deur middel van die proses begelei sal word om hulle eie gestuurdheid te ontdek en uit te leef.

4.5.5.3. Om te verseker dat lidmate wat `n roeping ontvang om hulle gestuurdheid in `n ander land of kultuur te gaan uitleef, wel die wil van God reg onderskei het.

4.5.5.4. Indien dit onderskei word dat iemand wel `n roeping van God ontvang het, moet daar toegesien word dat hierdie lidmate behoorlik geskool en toegerus word alvorens hulle vertrek.

4.5.5.5. Daar moet ook verseker word dat lidmate wat hulle gestuurdheid in ander lande en kulture gaan uitleef, behoorlik versorg en ondersteun word.

4.5.5.6. Om toe te sien dat daar op `n deurlopende basis in die eredienste aandag gegee word aan die bewusmaking van lidmate dat ons `n gestuurde gemeente, en daarom almal gestuurdes is.

4.5.5.7. Die deurlopende bewusmaking van lidmate dat elke gemeente van Jesus Christus ook die taak en opdrag het om by onbereikte mense en volkegroepe betrokke te raak.

4.5.5.8. Hierdie bewusmaking sal geskied deur een Sending Sondag per kwartaal te reël. By hierdie geleentheid sal daar geleentheid gegee word aan sendelinge van die gemeente om op te tree (tydens hulle besoeke aan die gemeente); sal terugvoer gegee word rondom ons sendelinge, sowel as oor korttermyn uitreike en sal inligting deurgegee word rondom nuwe projekte.

4.5.5.9. Indien die Here spesifieke areas uitwys waar ons as gemeente ons gestuurdheid kan uitleef, deur die ondersteuning van plaaslike kerke wat in gebiede is waar daar groot nood en armoede is, sal die kommissie ook toesien dat dié aksies op `n verantwoordelike wyse onderneem word.

4.5.5.10. Die organiseer van korttermyn uitreike na areas waar die gemeente betrokke is, of na gebiede waar lidmate geroepe voel om op `n korttermyn basis in `n spesifieke land te gaan bedien.

4.5.5.11. Die reël van uitstuur dienste met die vertrek van nuwe sendelinge.

4.5.6. Samestelling en verantwoordelikhede van kommissie-lede:

4.5.6.1. Voorsitter: (Thomas Stewart)

1. Sien toe dat daar ten minste een vergadering per kwartaal gehou word ten einde alle werksaamhede van die kommissie te koördineer.
2. Sien toe dat kommissie lede hulle verantwoordelikhede nakom.

4.5.6.2. Skriba: (Elmarie Brink)

1. Hou notules van vergaderings, stuur kennisgewings en agendas van vergaderings uit.
2. Ondersteun die voorsitter om toe te sien dat alle besluite van die kommissie opgevolg en uitgevoer word.
3. Help met reëlings vir die Dissipelskap dinee aan die einde van die jaar.

4.5.6.3. Lid vir Dissipelskap bediening: (Deon Loots).

1. Koördineer die indeling van nuwe groepe aan die begin van elke jaar.
2. Kom gereeld met dissipelskap groepleiers bymekaar om die proses in verskillende groepe te monitor.

3. Reël jaarlikse dinee in samewerking met skriba vir bekendstelling en werwing van lidmate vir dissipelskap program.
4. Reël die verskillende dissipelskap retraites.

4.5.6.4. Lid vir Skakeling met en ondersteuning van bestaande sendelinge. (Pieter Theunissen).

1. Sien toe dat alle sendelinge van die gemeente `n ondersteuningsel het.
2. Sien toe dat daar elke jaar `n besoek aan een van die sendeling(pare) gebring word. Die ideaal is dat elke sendeling(paar) ten minste een keer in elke vier jaar besoek sal word. Hierdie besoeke word gereël in samewerking met die ondersteuningsel van die betrokke sendelinge. Indien moontlik moet die besoeke kombineer word met `n uitreik waar persone die sendeling rondom spesifieke behoeftes gaan bystaan.
3. Sien toe dat besoekende sendelinge ontvang en versorg (bederf) word.
4. Reël die program vir besoekende sendelinge.

4.5.6.5. Lid vir toerusting en opleiding van nuwe sendelinge. (Ilse Terblanche).

1. Begelei nuwe sendelinge in die daarstel van `n ondersteuningsel.
2. Sien toe dat voornemende sendelinge deeglike opgelei en toegerus word iom die gemeente se sendingbeleid.
3. Reël die uitstuurdiens vir vertrekkende sendelinge in samewerking met die leraars van die gemeente.
4. Rus ondersteuningselle van sendelinge toe tov hulle verantwoordelikheid.

4.5.6.6. Lid vir reël en koordineër van korttermyn uitreike (beide na sendelinge en in samewerking met sendingorganisasies) (Stephan en Alida Bothma).

1. Sien toe dat korttermyn uitreike op `n gereëlde grondslag plaasvind (hetsy na bestaande sendelinge van die gemeente, of in samewerking met sendingorganisasies).
2. Sien toe dat korttermyn uitreike iom bestaande riglyne plaasvind.
3. Om toe te sien dat alle lidmate wat op korttermyn uitreike gaan, beide voor en na hulle uitreik geleentheid kry om die gemeente in te lig oor die uitreik, en ook terugvoer te gee oor die uitreik.

4.5.6.7. Lid vir plaaslike bedieninge (Hannes Marais).

1. Hierdie lid is `n noodsaaklike skakel met diens van barmhartigheid. In `n gestuurde gemeente, kan getuienis en diakonia nie altyd mooi netjies geskei word nie, aangesien baie lidmate sal ervaar dat hulle gestuur word na nood in die onmiddellike omgewing.
2. Die lid volg mense op wat klaar is met "Die Lewe van `n Dissipel" en sien toe dat hulle begelei word om: a) iewers in `n bestaande bediening tuis te kom, of b) `n nuwe bediening te begin.

4.5.6.8. Lid vir koördinering van Gebedsaksies (Elizabeth Jacobs).

1. Die persoon is verantwoordelik om gebedsbehoeftes van sendelinge op `n deurlopende basis deur te gee aan die gebedsgroep vir sending.
2. Indien inligting ontvang word van probleme of uitdagings op enige gebied, word gereël vir spesiale gebedsaksies.

3. Sorg dat daar elke maand ten minste een Powerpoint skyfie van elke sendeling, met `n paar gebedsbehoeftes op, in die gemeente as deel van die afkondigings vertoon word.
4. Gaan deur die pos wat van sendingorganisasies ontvang word en gee relevante gebedsversoeke deur.

4.5.6.9. Arbeidsbediening

DOELWIT: Die bediening verkondig met passie die Evangelie van Jesus Christus aan verskeie werknemers om hulle dissipels te maak
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Werknemers in fabrieke en winkels.
HELPERS: Vrywilligers
BRONNE: Jaarlikse begroting en skenkings van gemeentes.
TYDSRAAMWERK:

- Etensuur byeenkomste word elke dag van die week, dwarsdeur die jaar by die fabrieke gehou.
- Ses-weeklikse byeenkomste van vrywilligers (medewerkers) word gehou om saam te bid en probleme en ook suksesse te bespreek. .

4.5.7. Bestaande Sendelinge (verantwoordelike persoon):

- Evelyn Lotz (Stephan Bothma)
- Corné en Sophie du Plooy (Elmarie Venter)
- Gerrit en Sonja Brink (Pieter Theunissen)
- Hugo en Jakkie Wolmarans (Deon Loots)
- Lourens Oberholzer (Elizabeth Jacobs)
- Elspeth Liebenberg (Stephan Bothma)
- William Monk (Deon Loots)
- Sendingbiduur (Nellie Crouse)
- Zithulele (Elizabeth Jacobs)

4.6. Gemeente bediening (Ronelle Boshoff 082 556 1689)

4.6.1. Kerkbiblioteek Bediening (Stella Bosch 041 583 2038)

DOELWIT: Om aan die gemeentelede material beskikbaar te maak wat hulle in staat stel om hul kennis van die Bybel en God te vermeerder asook om dieper geestelike ontwikkeling en verryking te bewerkstellig. Daar word gepoog om aan te sluit by die Kerk se bedrywighede en die temas waaroor gepreek word aan te vul.
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Alle ouderdomsgroepe.
FUNKSIES: Administreer uitleen en aankoop van materiaal vir biblioteek.
HELPERS: 'n Komitee van ongeveer 10 lede is betrokke. Eenmaal 'n kwartaal is daar 'n komitee vergadering waar die diensrooster uitgedeel word en sake bespreek word. Elke lid kry 'n gemiddeld van 2 diensbeurte per kwartaal.
BRONNE: Boeke en oudiovisuele materiaal en word jaarliks aangevul. Daar is boeke vir klein groepe, individuele Bybelstudie, 'n wye verskeidenheid geestelike boeke oor relevante temas, gebed, probleme, populêre verhale met 'n Christelike tema (bv. Francine Rivers), kinderboekies en talle boeke spesiaal vir die jeug en jongmense. Boeke oor ouerleiding en gesinslewe asook die huwelik. Daar tans is ook enkele DVD's beskikbaar wat in die toekoms aangevul sal word. Gemeentelede word aangemoedig om 'n aanduiding te gee van hulle behoeftes.

TYE: Gedurende die kwartaal direk na die oggenddiens om 10:00. Sondae aande hanteer Klema die bediening om 18:00 – 18:30.

4.6.2. Musiek (Albert Troskie 041 503 7854)

DOELWIT: Die beplanning van die liturgie, speel van liturgiese musiek en begeleiding van die gemeente-sang tydens die oggenddienste, begrafnisse en huwelikbevestigings. Afrigting van kerkkoor vir deelname tydens eredienste en spesiale Paas- en Kerssangdienste.
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Gemeentelede en ander soos versoek.
HELPERS: Die orrelis, predikante en kerkkoorlede.
BRONNE: Pyporrel en begroting.
TYD: Tydens eredienste en soos versoek.

4.6.3. Dankoffer-administrasie – Eredienste (Herman Rossouw 041 583 3458)[4]

DOELWIT: Invordering en tel van dankoffers en bydraes by deure.
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Lede van die gemeente en besoekers.
FUNKSIES:

- Ken areas in die kerk vir invordering aan helpers toe met die uitdeel van die sakkies voor die aanvang van eredienste.
- Gedurende invordering tel die helpers ook die aantal mense wat die erediens bywoon. Teken aantal persone wat erediens bywoon aan en oorhandig aan persoon wat statistiek hieroor byhou.
- Ontvang bydraes en dankoffers en oorhandig aan persone wat dit tel en administreer.

HELPERS: Vrywilligers
BRONNE: Invorderingsakkies en administratiewe dokumente.
TYDSRAAMWERK: Tydens en na afloop van eredienste.

4.6.4. Dankoffer-administrasie – Maandelikse dankoffers (Valda de Villiers 041 583 2008)

DOELWIT: Administreer maandelikse dankoffers soos deur die gemeente bygedra..
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Lidmate van die gemeente.
FUNKSIES:

- Ontvang dankoffers vanaf persone wat dit tydens eredienste opneem.
- 'n Lys van getalle van aantal mense wat eredienste bywoon word ook ontvang en in die betrokke register aangeteken.
- Dankoffers word individueel in die register aangeteken, getel, gerekonsilieer en vir bankdoeleindes opgemaak en in die kluis bewaar.

HELPERS: Vrywilliger
BRONNE: Dokumente en skryfbehoeftes soos benodig.
TYDSRAAMWERK: Na afloop van eredienste.

4.6.5. Nagmaalbediening (Ronelle Boshoff 082 556 1689)

DOELWIT: Die voorsiening van die Nagmaalstekens aan gemeentelede en besoekers tydens eredienste waar Nagmaal bedien word.
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Alle Nagmaalgebruikers

[4] RCA uitgehaal omdat dit nie tans as 'n bediening funksioneer nie.

FUNKSIES: Reël vir beskikbaarheid van wyn, vrugtesap en brood. Plaas glasies in skinkborde en skink wyn en vrugtesap. Plaas brood in borde. Dek tafels en plaas tekens daarop. Voorsien tekens aan Nagmaalgebruikers tydens erediens. Versamel glasies en borde na afloop van die erediens. Skink ongebruikte wyn terug in bottels. Was en verpak glasies. Stoor alle toerusting in toepaslike bêreplekke.
HELPERS: Vrywilligers
BRONNE: Brood, wyn en vrugtesap, glasies en skinkborde, broodborde, tafel, opwasmiddel en afdroogdoeke.
TYDRAAMWERK: Tydens Nagmaalvierings

4.6.6. Opnames en vertoning van oggenddienste op DVD's (Dora Schutte 041 583 2216)

DOELWIT: Opneem van eredienste vir vertoning by Waltonpark-aftreeoord
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Vir gemeentelede en besoekers wat weens gesondheidsprobleme die dienste in die Waltonparkkapel bywoon.
HELPERS: Vrywilligers wat kamera-diens tydens opnames doen, die klank versorg en DVD – masjien hanteer.
BRONNE: Toerusting en DVD's
TYDRAAMWERK: Tydens eredienste.

4.6.7. Verwelkomingsbediening (Elizabeth Jacobs 041 583 5422)

DOELWIT: Om voornemende- en nuwe gemeentelede so gou en gerieflik moontlik aan die gemeente-aktiwiteite bekend te stel en daarby te integreer.
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Alle nuwe- en voornemende gemeentelede by die Somerstrand NG Kerk.
AKSIES: Nuwe- en/of voornemende lede word weekliks deur middel van die afkondigings genooi om die standaard vorm vir persoonlike besonderhede te voltooi. Die vorm(geel) is in die kerkportaal beskikbaar en moet na voltooiing in die betrokke houer ook in die portaal teruggeplaas word. Die kerkkantoor stuur die besonderhede van lede aan die bedieningskoördineerder en reël vir 'n besoek deur die betrokke wykspredikant. Die bedieningskoördineerder reël 'n ontmoeting met die betrokke lede waartydens inligting oor gemeente-aktiwiteite beskikbaar gestel word. 'n Funksie word beplan vir die begin van die tweede kwartaal, waar gesinne mekaar kan ontmoet.
BRONNE: Donasies vir aankoop van blomme. Sarita Nell en Annalene Moolman help met besoeke. Dora Schutte, Martie Coetsee en Erra Cilliers besoek nuwe intrekkers in die aftree-oorde.
TYDRAAMWERK: Besoek nuwe en/of voornemende lede binne 3 weke na aansoek om lidmaatskap.

4.6.8. Verhuring van Eetgerei, Meubels ens. (Ina Coetzee 084 511 0640)

DOELWIT: Verhuur of leen eetgerei, meubels, ens. soos beskikbaar op versoek aan persone of instansies wat daarvoor kwalifiseer.
MENSE VIR WIE ONS BEDIEN: Die items word aan alle persone of instansies wat dit benodig in kerkverband of nie-kerkverband, wat daarvoor kwalifiseer, op versoek beskikbaar gestel.
FUNKSIES: Versoeke vir die gebruik van die items word aan die betrokke persoon verantwoordelik vir die bediening, soos volg, gerig:
Gebruik in kerkverband – items word aan persone of instansies kosteloos geleen.

Gebruik in nie-kerkverband – items word aan persone of instansies verhuur teen 'n tarief per item soos deur die kerkraad vasgestel.
Die uitreik en terugontvangs van items word gedoen op tye soos deur die betrokke partye ooreengekom en die betrokke dokumentasie word gebruik om dit te administreer.
Tekorte moet aangevul word deur die lener of huurder en die huurgeld word in die sogenaamde kombuisfonds gestort wat aangewend word om items te onderhou, herstel of te vervang.
BRONNE: Die beskikbare items bestaan hoofsaaklik uit eetgerei, tafels, stoele en 'n verwarmingseenheid.
TYDRAAMWERK: Op versoek deur persone of instansies wanneer benodig.

4.6.9. Huishulpbediening (Hannie Williams 082 940 8686)

DOELWIT: Om d.m.v Bybelstudie elke Dinsdagaand vir ongeveer 45 minute Gods Woord oor te dra aan 'n groep baie toegewyde huishulpe, om God te loof deur saam te sing en Hom te prys en te dank vir genade en liefde.
MISSIE: Hulle beskou dit as hul Christelike missie en lewenstyl om getuies te wees van wat die Here vir hulle doen en beteken, en poog om hul getuienis uit te leef dat Hy verlos, bevry en genees. Vir 'n verdere 45 minute probeer hulle om 'n handvaardigheid aan te leer wat hul in staat stel om vir hulself en hul gesinne te sorg en om selfs op 'n later stadium selfversorgend te wees.
MENSE WAT ONS BEDIEN: Alle huishoudsters wat wil bywoon
HELPERS: Vrywilligers
BRONNE: Begroting
TYDRAAMWERK: Dinsdae aande 19:30

4.6.10. Gemeentebrief (Rethie van Niekerk 041 583 5115)

DOELWIT: Om kommunikasie in die gemeente te bevorder deur aktuele inligting te deel en verslag te doen oor gemeenteaktiwiteite
MENSE WAT ONS BEDIEN: Gemeentelede
HELPERS: Lidmate word van tyd tot tyd genader vir bydraes.
BRONNE: Begroting en administratiewe ondersteuning.
TYDRAAMWERK: Weeklikse bydraes in die afkondingings.

4.6.11. Begrafnisbediening (Joan Burnell 082 757 3100)

DOELWIT: Ondersteuning van naasbestaandes en vriende tydens begrafnisse deur bediening van verversings
MENSE WAT ONS BEDIEN: Alle betrokke persone
HELPERS: Vrywilligers
BRONNE: Tee, koffie, suiker en skenkings in vorm van eetgoed.
TYDRAAMWERK: Soos benodig

4.6.12. Passie vir Christus (Ronelle Boshoff 082 556 1689)

DOELWIT: Om te dien en deel te neem met liefde, entoesiasme om 'n passie vir Christus sodoende uit te leef
MENSE WAT ONS BEDIEN: Die Gemeente
HELPERS: Vrywilligers
BRONNE: Alle gemeenteaksies en projekte
TYDRAAMWERK: Voortdurend

4.6.13. Skakelkommisie – Bloemendal (Rethie van Niekerk 041 583 5115)

DOELWIT: Om verhoudinge met Bloemendal VGK te bevorder deurdat kommissielede saam kuier en mekaar leer van kruis-kulturele verhoudings;
om gesamentlike diensgeleenthede vir die onderskeie gemeentes te organiseer;
om ander NG en VG gemeentes te mentor in soortgelyke verhoudings.
MENSE WAT ONS BEDIEN: Skakelkommissie-lede, Lidmate van Bloemendal & Somerstrand, breër NGK & VGK-familie.
HELPERS: Kommissielede
BRONNE: Begrotings vir gesamentlike geleenthede.
TYDRAAMWERK:
Sakelkommissie vergader-datums, Kerkrade ontbyt, asook gesamentlike Nagmaal soos op almanak.
Gesamentlike diensgeleenthede: Soos geleenthede opdoen word dit aan gemeentes deurgegee.

5 Klema (Deon Loots 041 583 5115)

Klema worstel tans met wat hulle sien as 'n duideliker oproep om in alles wat hulle doen op dissipelskap te fokus. Die aksies word in 5 groepe gefokus – kleingroepe, eredienste, spesifieke belangegroepe, uitreik en ondersteuning.

5.1 Klema se missie en visie:

Missie:
Om ongelowige en kerklos mense dissipels van Jesus Christus te maak deur 'n relevante kerk vir hulle te wees.
Visie:
Ons luister na God, na mekaar en na die wêreld
Ons groei na God, na mekaar en na die wêreld
Ons dien vir God, vir mekaar en die wêreld.

5.2 Klema se kernwaardes

Ons glo dat liefdevolle **verhoudinge** en eenheid alle fasette van Kerkwees in Klema moet deursuur.
Ons glo dat volledige toewyding en **aanbidding** van Christus op alle terreine van die lewe, normaal is vir elke gelowige.
Ons glo dat elkeen van ons geroep is om `n **dissipel** van Jesus Christus te wees en die opdrag ontvang het om ook dissipels te maak.
Ons glo dat Klema moderne mense op `n relevante en **eietydse** wyse moet bedien.
Ons glo dat Klema en haar lede getroue **rentmeesters** moet wees van alles wat ons van God ontvang het.
Ons glo dat die Geesvervulde **verkondiging** van die Bybel in woord en daad, die vonk is wat lei tot verandering in mense se lewens.
Ons glo dat God in alles wat ons doen verheerlik moet word en dat alles wat ons doen daarom met **uitnemendheid** gedoen moet word.
Ons glo dat die Kerk slegs goed kan fuksioneer as elke lid van die **liggaam** sy of haar funksie in die liggaam vervul.
Ons glo dat ons geroep is om Jesus Christus aan kerklos en ongelowige mense te **kommunikeer**.

Ons glo dat elke gelowige `n spesifieke, Godgegewe bediening en funksie hier op aarde het en dat elke bediening in Klema hanteer moet word deur mense met die roeping, **gawes** en passie vir daardie bediening.
*Kan opgesom word met die akroniem: **VADER VUL Kerk Gees.***

5.3 Klema se strategie:

Om in relevante *kleingroepe* (dissipelskap- en selgroepe) saam dissipels te wees en te maak.
Om in 'n relevante *erediens* saam dissipels te wees en te maak.
Om in relevante *bedienings* aan spesifieke groepe mense (Klematers, Synergy, Studente, Gesinsbediening, Mirre) saam dissipels te wees en te maak.
Om effektief *uit te reik* na die wêreld rondom ons deur ons gemeentelede wat die roeping daarvoor ontvang het.
Dat bogemelde *aangedryf en ondersteun* word deur ons lede en personeel.

6 Bestuursraad

6.1 Finansiële kommissie (Adriaan van Eeden 082 651 1479)

6.1.1 Samestelling

Voorsitter: Adriaan van Eeden
Ondervoorsitter: Dirk Pieterse
Lede: Chris van Wyk (Leraar), PW Moolman (Kommissielid), Chris Wentzel (Kommissielid), Sune Diedericks (Kommissielid), Andre Hefer, (Klema verteenwoordiger) Marlein van Deemter (Kassier)

6.1.2 Vergaderplan vir die jaar (2012)

Die kommissie poog om gemiddeld elke tweede maand te vergader soos aangedui op die almanak.

6.1.3 Wat gedoen gaan word

6.1.3.1 Begroting

Die begroting vir die volgende jaar word opgestel na insette van al die bedieninge ontvang is. Vaste koste / verpligte uitgawes word normaalweg met inflasie aangepas. Klema inkomste en uitgawes word onderhandel. Die volgende beginsels vorm die basis vir die begroting:

- inkomste moet uitgawes oorskry - (mag nie vir verlies begroot nie)
- Die verskillende trustfondse wat in die lopende rekening gehou word, word vir oorbringinsfondse gebruik om aanvanklike tekorte te finansier indien nodig.
- Verlof voorsiening moet voor begroot word
- Oorskot in enige jaar moet in onderhoudsfonds as vaste belegging gestort word.
- Enigste koste implikasie van die kommissie is die ouditfooie

6.1.3.2 Kontrole

Uitgawes word maandeliks gemonitor ten einde binne begroting te bly en kontrole oor uitgawes uit toe oefen. Ultgawes word maandeliks gemonitor ten einde binne begroting te bly en kontrole oor uitgawes uit toe oefen. Indien addisionele fondse

iewers benodig word moet die begroting elders gesny word tensy die inkomste die begroting genoegsaam oorskrei.

Inkomste word ook maandeliks gemonitor ten einde te verseker dat daar genoegsame fondse inkom. Indien die inkomste onder begroting is moet die kommissie dit aan die Bestuursraad rapporteur waar die bedienge moet aandui watter besparings bewerkstellig kan word om 'n verlies te vermy.

Die kommissie deur hul voorsitter doen op 'n gereelde basis verslag aan die Bestuursraad en adviseer die Bestuursraad oor enige aanpassings wat gemaak moet word.

6.1.3.3 Wanneer gaan dit gedoen word

Begroting: Die kommissies en bedieninge moet reeds einde September 2011 hulle begrotings vir 2012/2013 aan die finansieskommissie beskikbaar stel, sodat 'n voorlopige begrotingsvergadering reeds in November 2011 gehou kan word.

Die Finansiële Kommissie stel in November 'n konsep begroting op nadat hulle biddend daaroor besin het en insette van die Bedieningsbestuurders ontvang het. Hierdie begroting word dan in Februarie aan die Bestuursraad en Kerkraad voorgelê vir goedkeuring

Finansiële jaar is Maart tot Feb

Beplanning: Monitering / kontrole deurlopend

6.1.3.4 Wie gaan dit doen

Voorsitters van onderskeie kommissies & bedieninge moet insette lewer vir opstel en goedkeuring van die begroting. Die opstel van begroting en monitering van uitgawes word deur kassier in samewerking met kommissie gedoen.

6.1.3.5 Waar gaan dit gedoen word

Op kantoor by die kerk

6.2 Diensverhoudinge (Morag Pieterse 041 583 2118)

6.2.1 Samestelling

Die Kommissie bestaan tans uit:
Voorsitter & Verteenwoordiger van die Kerkraad: Morag Pieterse
Drie (3) lede: Gerrit Venter, Carin van Eeden & Loreen le Roux.
Klema: Werner Nel
Verteenwoordiger van Personeel: Marlein van Deemter

6.2.2 Taak vir die Kommissie

Die kommissie sien om na alle sake wat die personeel van die Kerkraad raak. Die kommissie vergewis hulle van die toepaslike arbeidswetgewing, bepalings van die Kerkbode en algemene personeelbestuurspraktyke. Die kommissie tree op namens die werkgewer in die onderhandeling met die personeel (diensooreenkomste, kontrakte, vergoeding, ens) maar verteenwoordig ook die Kerkraad in die dag-tot-dag toesig en versorging van die personeel. Die kommissie dien as kommunikasiekanaal vir die Kerkraad en personeel.

6.2.3. Spesiale Take.

6.2.3.1. *Artikel 9 (Kerkorde):* Deurlopende aanpassings waar nodig.
6.2.3.2. *Personeelbeleid:* Deurlopende aanpassings waar nodig.
6.2.3.3. *Begrotingsvoorstelle* vir behandeling tydens die Augustus vergadering. Salarisverhogings in oorleg met die finansiële-kommissie.

6.2.4. Vergaderdatums 2012

Vergader soos op die almanak aangedui. Tydens elke vergadering word die toegekende verantwoordelikhede aan lede as staande items gehanteer.

6.3 Eiendom (Danie Theron 041 583 5521) [5]

6.3.1 Plan Kerk en Ark dakke:

Die huidige toestand van die dak word omskryf deur "Scott Roofing" as om nog in 'n baie goeie toestand te wees. Hulle eerste kwotasie was gebaseer op die algehele vervanging van die dak oppervlaktes met Harvey Tile. Dit is duidelik baie goedkoper, as om die bestaande materiaal te gebruik om die hele dak te vervang. Die totaal wat verstrek word in die aangehegte staat verteenwoordig 'n heeltemal nuwe benadering.
Dit is om net die huidige dak lekkasies te seel en net te vervang wat heeltemal nodig is om geseël en vervang te word.
Probleem: Die kleur van die nuwe dak teëls is nie 100% dieselfde as die huidige teëls nie. Al word daar van donker bruin teëls gebruik gemaak. Algehele oor verf van die dak kom ook nou na vore. Dit sal ook nie 'n permanente onderhouds vrye oplossing wees nie. Die kenners beskou bitumen as 'n onderhouds intensiewe verseëling vorm.

6.3.2 Kerk en Ark die algemene onderhoud .

Die uiteengesette syfers moet gesien word as begrote waardes, meeste kwotasie is net 30 dae geldig. Ek wil vra dat 'n 10-20% verskil vir meer as die gekwoteerde waardes by gevoeg moet word en nou nog gesien word as begrote waardes alleen omdat die produkte maand op maand duurder raak.

6.3.3 Pastorie

Die kwotasies moet gesien word as begrote waardes, meeste kwotasie is net 30 dae geldig. Ek wil vra dat 'n 10-20% verskil vir meer as die gekwoteerde waardes by gevoeg moet word en nou nog gesien word as begrote waardes alleen omdat die produkte maand op maand duurder raak.
Onderhoud op hierdie gebou is dringend.

[5] Sal nog opdateer word.

Die jaar op jaar begroting vir die geboue, moet op so 'n mate begroot en beskikbaar gestel word sodat alle dringende en jaar op jaar verpligtinge op 'n ordelike manier tot uitvoere kom. Dat alle positiewe spandering in die geboue fondse moet behou word in die fonds vir die volgende jaar se begroting.

6.3.4 Volgorde van belang

- Werk soos uiteen gelê in aangehegte kwotasie 2.1 items 1.1.1 tot 1.1.3
- Die inspeksie van die ventilasie vensters in die dak 2.4.12
- Die skoon maak van afloop pype 2.4.13
- Werk soos uiteen gelê in aangehegte kwotasie 2.2 items 1.2.1 tot 1.2.2
- Werk soos uiteen gelê in aangehegte kwotasie 2.3 items 1.3.1 en 1.4.1

Die verdeling van die werk waarvoor aangevra word behoort in orde van praktiese belang gekies te word.

Die nuwe kwotasie stel ons in staat om die projekte te verdeel in kleiner meer bekostig bare op jaar doelwit stelling.

7 Ouderlingeraad

7.1 Blok A Vakant

7.2 Blok B Sarel Schoombie (084 582 9494)

- Alle kontakpunte besoek en administratief alle data op datum bring.
- Enige probleme/knelpunte/behoeftes ens. wat moontlik na vore mag kom na die toepaslike bedienings te kommunikeer en kanaliseer.
- As kommunkasiekanaal tussen mense in die blok en kerk te dien.

7.3 Blok C Vakant

7.5 Blok D Eleanor van Niekerk (041 583 3062)

- Ek wil my bes probeer om by almal 'n besoek af te lê
- Om elkeen se behoefte raak te sien en probeer ondersteun waar moontlik
- Die administrasie op datum te hou
- Uit te reik na studente wat loseer by gemeentelede
- Ek wil ook probeer om 'n oggend-tee te hou by my huis vir die wat dit wel kan bywoon

7.6 Blok E Annemari Cilliers (041 585 7771)

- Alle kontakpunte besoek en administratief alle data op datum bring.
- Enige probleme/knelpunte/behoeftes ens. wat moontlik na vore mag kom na die toepaslike bedienings te kommunikeer en kanaliseer.
- As kommunkasiekanaal tussen mense in die blok en kerk te dien.

7.7 Blok F Marius van Eyk (041 583 2222)

Maak kontak met almal in die blok. Help mense om mekaar beter te leer ken en die vrymoedigheid te hê om die ouderling te nader as daar 'n probleem is.

7.8 Blok H Ansie Delport (041 583 2853)

- Alle kontakpunte besoek en administratief alle data op datum bring.
- Enige probleme/knelpunte/behoeftes ens. wat moontlik na vore mag kom na die toepaslike bedienings te kommunikeer en kanaliseer.
- As kommunkasiekanaal tussen mense in die blok en kerk te dien.

7.9 Blok J Vinie Furstenberg (041 583 2630)

- Voortsetting van vriendskapsbediening, ook aan mense nie in ons kerk.
- Jaarlikse besoek aan kontakpunte, en meer waar daar spesiale omstandighede is.
- Administratief: op datum hou van alle data.
- Multi-generasioneel: Opname van en uitreiking na studente wat loseer by gemeentelede.
- Besondere gasvryheidsbediening aan ouderdomsgroep 30-39 jaar.
- Missionaal: Bekendmaking van projekte waarby ons betrokke kan raak.
- Bring inligting in verband met sendelinge gestuur deur ons gemeente onder die aandag.

7.10 Blok K Hannes Marais (041 583 4550)

- Alle kontakpunte besoek en administratief alle data op datum bring.
- Enige probleme/knelpunte/behoeftes ens. wat moontlik na vore mag kom na die toepaslike bedienings te kommunikeer en kanaliseer.
- As kommunkasiekanaal tussen mense in die blok en kerk te dien.

7.11 Blok L Vakant

7.12 Blok M PW Moolman (041 583 6054)

- Jaarlikse besoek aan kontakpunte.
- Besoeke in spesiale omstandighede
- Op datum hou van alle data
- Besoeke aan nuwe intrekkers in blok
- Kontak maak met onbetrokke lidmate, nuwe studente, asook persone nie in ons gemeente nie.

7.13 Blok N Charlie Hurter (084 588 0848)

- Kontakpunte gereeld besoek
- Administratiewe rekords op datum hou
- Probleme, behoeftes en knelpunte aan te spreek
- Mondstuk wees vir lidmate na die kerk

7.14 Blok P JC Greyling (041 583 3211)

- Alle kontakpunte is reeds besoek en alle data op datum gebring.
- Om weer deur die blok te gaan
- poog om 'n wyksleier vir elke wyk te kry
- Die nuwe bestuurs-model se funksionering oor te dra
- te luister na die behoeftes en knelpunte van lidmate.

7.15 Blok R Vakant

7.16 Blok S Vakant

7.17 Blok T Riëtte du Plessis (041 583 2628)

- Alle kontakpunte besoek en administratief alle data op datum bring.
- Enige probleme/knelpunte/behoeftes ens. wat moontlik na vore mag kom na die toepaslike bedienings te kommunikeer en kanaliseer.
- As kommunkasiekanaal tussen mense in die blok en kerk te dien.

7.18 Blok U Evert Knoessen (079 496 0924)

- Alle kontakpunte besoek en administratief alle data op datum bring.
- Enige probleme/knelpunte/behoeftes ens. wat moontlik na vore mag kom na die toepaslike bedienings te kommunikeer en kanaliseer.
- As kommunkasiekanaal tussen mense in die blok en kerk te dien.

7.19 Blok V, W & G Christine Veldsman (041 583 3341) & Erra Cilliers (041 583 2243)

- Nagmaal elke kwartaal
- Huisbesoek aan siekes en op versoek
- Video-erediens Sondae in die kapel by Walton Park
- Beplanningsvergadering begin van elke kwartaal
- Wyksleiers kontakpersone tussen leraar en wyke

7.20 Voorsitter Jurie Jurgens (082 4932 091)

8 Kleingroeperaad[6]

[6] Kleingroeperaad se bedieningsplan sal ingevoeg word sodra dit begin funksioneer.

B. Bestuursplan[7]

1. Bestuursmodel

1.1. Onderliggende Filosofie

Die eerste Nuwe Testamentiese gemeente se wel en wee word in Handelinge 2 vanaf vers 43 verhaal. Hieruit kan ons aflei dat 'n gemeente van uit die Christelike lewens en wêreld beskouing 'n groepering van gelowiges is wat met Christus as hoof en vanuit Sy liefde mekaar ondersteun , versterk en versorg en so ook die Evangelie van Christus as verlosser verder op aarde uit dra.
Dit strook duidelik ook met die missie van ons Gemeente om uit liefde te dien in 'n vaste geloofsoortuiging met Jesus Christus as hoof en om as hawe te dien waar gelowiges en ander versterk en uitgestuur word om die Evangelie uit dra.
Maar die eerste gemeente het ook spoedig met die groei van die Gemeente agter gekom dat daar wel ook organisatoriese strukture nodig is om te verseker dat al die bedieninge ordelik geskied. Hulle was net soos ons in die wêreld en het daarom ook van die bestuurskennis van die tyd gebruik gemaak. Leiers het na vore getree en ouderlinge en diakens moes toesien na toesig (woordverkondiging) en versorging (spesifieke bedieninge) in die gemeente.

1.2. Algemene Bestuursriglyne

- Die gemeente is in die eerste plek die deel van die Kerk op aarde as verteenwoordiging/ ver-konkretisering van die liggaam van die drie enige God. Sy geopenbaarde wil soos vervat in die Bybel vorm daarom die fondament vir die bestuur van die gemeente.
- Geloofonderskeidende denke vorm daarom die kern van besluitneming. Dit vra dus deurentydse luister na die wil van God.
- Gemeenteleiers word deur die gemeente in plek gestel.
- Bedieninge word in plek gestel na gelang van bepaalde behoeftes en uitvoering hiervan word waargeneem deur vrywillige gelowiges wat hulle tot die diens geroepe voel.
- Die grootte, omvang en samestelling van die bedieninge word deur die spesifieke behoefte bepaal.
- Die gemeente val ook binne 'n ekumeniese kerkverband en onderwerp hom ook daarom aan die riglyne van plaaslike en nasionale sinodes.
- Konsensus bestuur vorm 'n belangrike meganisme vir besluitneming.
- Ons gemeente val vir jare reeds buite die tradisionele enkel predikant gemeente. Vanweë die omvang van die bedieninge en groot lopende en vaste bates is daar beweeg in die rigting van 'n korporatiewe bestuurstyl.

[7] Veranderinge soos reeds deur KR goedgekeur gemaak, Kerkraad se besluit oor Kleingroeperaad ingevoeg, organogram verander.

1.3. Bestuursorganogram



Die voorgaande organogram gee 'n visuele uiteensetting van die gemeente bestuur. Ons gemeente het soos die meeste ander gemeentes van dieselfde grootte na 'n meer korporatiewe bestuurstyl beweeg. Spesialis groepe beplan en werk binne die raamwerk van 'n gemeenteplan ten einde ordelike en effektiewe aksies te verseker soos vervat in ons missie.

2. Die Kerkraad

2.1. Samestelling

Die Kerkraad word saamgestel uit verteenwoordigers van die Bestuursraad, Bedieningsraad, Ouderlingeraad en Klema. Die voorsitter van die Kerkraad word uit eie geledere aangewys en hoef nie noodwendig 'n leraar te wees nie. Die skriba is 'n betaalde amptenaar.

2.2. Funksies.

Die Kerkraad vorm die hoogste gesag met finale besluitneming oor alle sake rakende die gemeente. Die besluitneming word hoofsaaklik aan die hand van die volgende gedoen.

- Goedkeuring van die gemeenteplan.
- Monitering en aanpassing van die plan.
- Evaluering en aanbevelings vir die nuwe plan.
- Goedkeuring van die nuwe plan.

Die Kerkraad word deur die Bediening– en Bestuursrade sowel as die Ouderlingeraad en Klema geadviseer, wat die diens-arms van die Kerkraad is.

2.3. Vergadertye.

Die Kerkraad vergader minstens 4 keer per jaar. Spesifieke datums word op die gemeente kalender aangedui.

- November: Wat wil God hê moet ons in die komende jaar doen? Kerkraad keer die Bedieningsplan goed.

- **Maart & Mei is evaluering**: Wat het ons geleer in die kwartaal? Wat is die Here besig om vir ons te sê? Wat is God besig om te doen? Is ons nog besig met die regte goed?
- **Mei** se evaluering geskied aan die hand van Vorm A
- **September:** Hoe het ons God se wil gedoen?

3. Bestuursraad

3.1. Samestelling

Die bestuursraad word saamgestel uit die volgende:

- Voorsitter van die Diensverhoudinge kommissie.
- Voorsitter van die Finansiële kommissie.
- Voorsitter van die Eiendomskommissie.
- Voorsitter van die Bedieningsraad
- Voorsitter van die Ouderlingeraad
- Alle voltydse leraars
- Kassier
- Leierouderling

Die Bestuursraad het die reg tot koöpsie.
Indien 'n kommissie-voorsitter nie 'n spesifieke vergadering kan bywoon nie, moet 'n ander verteenwoordiger van daardie kommissie die vergadering bywoon.
Die voorsitter word aan die begin van die jaar uit eie geledere aangewys. Iemand anders word in die voorsitter se oorspronklike funksie aangewys.
Die voorsitter dien vir 2 jaar as voorsitter, waarna 'n nuwe voorsitter aangewys word. Die voorsitter is slegs vir een termyn daarna herkiesbaar.
Die skriba is 'n betaalde amptenaar.

3.2 Funksies

Die Bestuurspan is verantwoordelik vir die volgende sake:

- Personeel
- Finansies
- Eiendom
- Algemene bestuursake en administrasie
- Advisering van die Kerkraad oor bestuursake.

3.3 Vergadertye

Minstens 2 weke voor elke Kerkraadsvergadering. Kleiner, *dringende* sake word per e-pos deur die Dagbestuur afgehandel, met terugvoer aan die Bestuursraad.

3.4 Kommissies onder die Bestuursraad

3.4.1 Diensverhoudinge

3.4.1.1 Samestelling

Die Diensverhoudinge Kommissie word saamgestel uit die volgende:

- 'n Voorsitter
- 'n Verteenwoordiger van die Kerkraad

- Drie (3) lede aangewys deur die Kerkraad op grond van hulle belangstelling en kundigheid op die terrein van Menslike Hulpbronbestuur.
- 'n Verteenwoordiger van die personeel het die reg om as waarnemer alle vergaderings van die kommissie by te woon en moet deur die kommissie in kennis gestel word van die tyd, plek en datum van vergaderings.

Volmag word aan die kommissie verleen om 'n kundige persoon (regsgeleerde of Menslike Hulpbronpraktisyn) te koöpteer wat nie noodwendig 'n Kerkraadslid, of lid van die NG Kerk Somerstrand hoef te wees nie, maar verkieslik 'n lidmaat van die NG Kerk of NG Kerk familie.
Die Voorsitter sal vir 'n termyn van een (1) jaar gekies word en sal slegs vir 'n verdere een (1) jaar herkiesbaar wees, waarna sy/hy moet uittree. Sy/hy kan egter daarna as gewone lid verkies word op die kommissie.
Ander lede van die kommissie sal ook vir 'n termyn van een (1) jaar gekies word en sal vir 'n verdere een (1) jaar herkiesbaar wees, waarna sodanige lid moet uittree. Na verloop van 'n jaar kan sodanige persoon weer herkies word.
Die kommissie sal jaarliks verkies word, aan die begin van 'n finansiële jaar.

3.4.1.2 Funksies

Die kommissie sien om na alle sake wat die personeel van die Kerkraad raak. Die kommissie vergewis hulle van die toepaslike arbeidswetgewing, bepalings van die Kerkbode en algemene personeelbestuurspraktyke. Die kommissie tree op namens die werkgewer in die onderhandeling met die personeel (diensooreenkomste, kontrakte, vergoeding, ens) maar verteenwoordig ook die Kerkraad in die dag-tot-dag toesig en versorging van die personeel. Die kommissie dien as kommunikasiekanaal vir die Kerkraad en personeel.

3.4.1.3 Vergadertye

Kwartaalliks 2 weke voor die Bestuursraad se vergadering.

3.4.2 Finansiële Kommissie

3.4.2.1 Samestelling

Die Finansiële Kommissie word saamgestel uit die volgende:

- 'n Voorsitter
- 'n Verteenwoordiger van die Kerkraad
- Twee (2) lede aangewys deur die Kerkraad op grond van hulle belangstelling en kundigheid op die terrein van Finansiële Bestuur.
- 'n Verteenwoordiger van Klema
- 'n Leraar
- Kassier

Die Voorsitter sal vir 'n termyn van twee (2) jaar gekies word en sal slegs vir 'n verdere twee (2) jaar herkiesbaar wees, waarna sy/hy moet uittree. Sy/hy kan egter daarna as gewone lid verkies word op die kommissie.
Ander lede van die kommissie sal ook vir 'n termyn van twee (2) jaar gekies word en sal vir 'n verdere twee (2) jaar herkiesbaar wees, waarna sodanige lid moet uittree. Na verloop van 'n jaar kan sodanige persoon weer herkies word.

Volmag word aan die kommissie verleen om 'n kundige persoon te koöpteer wat nie noodwendig 'n Kerkraadslid, of lid van die NG Kerk Somerstrand hoef te wees nie, maar verkieslik 'n lidmaat van die NG Kerk of NG Kerk familie.

Die kommissie sal jaarliks verkies word, in die middel van 'n finansiële jaar.

3.4.2.2 Funksies

3.4.2.2.1 Begroting

Die begroting vir die volgende jaar word opgestel na insette van al die bedieninge ontvang is. Vaste koste / verpligte uitgawes word normaalweg met inflasie aangepas. Klema inkomste en uitgawes word onderhandel.

Die volgende beginsels vorm die basis vir die begroting:

- inkomste moet uitgawes oorskry - (mag nie vir verlies begroot nie)
- Die verskillende trustfondse wat in die lopende rekening gehou word, word vir oorbringinsfondse gebruik om aanvanklike tekorte te finansier indien nodig.
- Verlof voorsiening moet voor begroot word
- Oorskot in enige jaar moet in onderhoudsfonds as vaste belegging gestort word.
- Enigste koste implikasie van die kommissie is die ouditfooie

Die kommissies en bedieninge moet jaarliks reeds einde September hulle begrotings vir die volgende finansiële jaar aan die finansieskommissie beskikbaar stel, sodat 'n voorlopige begrotingsvergadering reeds vroeg in Oktober gehou kan word.

Die Finansiële Kommissie stel in November 'n konsep begroting op nadat hulle biddend daaroor besin het en insette van die Bedieningsbestuurders ontvang het. Hierdie begroting word dan in Februarie aan die Bestuursraad en Kerkraad voorgelê vir goedkeuring. Finansiële jaar is Maart tot Feb.

3.4.2.2.2 Kontrole

Uitgawes word maandeliks gemonitor ten einde binne begroting te bly en kontrole oor uitgawes uit toe oefen. Uitgawes word maandeliks gemonitor ten einde binne begroting te bly en kontrole oor uitgawes uit toe oefen. Indien addisionele fondse iewers benodig word moet die begroting elders gesny word tensy die inkomste die begroting genoegsaam oorskrei.

Inkomste word ook maandeliks gemonitor ten einde te verseker dat daar genoegsame fondse inkom. Indien die inkomste onder begroting is moet die kommissie dit aan die Bestuursraad rapporteur waar die bedienge moet aandui watter besparings bewerkstellig kan word om 'n verlies te vermy.

Die kommissie deur hul voorsitter doen op 'n gereelde basis verslag aan die Bestuursraad en adviseer die Bestuursraad oor enige aanpassings wat gemaak moet word.

3.4.1.3 Vergadertye
Die kommissie poog om gemiddeld elke tweede maand te vergader.

3.4.3 Eiendomme[8]

4. Bedieningsraad

4.1. Samestelling
Die Bedieningsraad bestaan uit die voorsitters van die verskillende bedieninge. Die volgende bedieninge is werksaam in die gemeente en word op die Bedieningsraad verteenwoordig:

- Gebedsbediening
- Gemeentebediening
- Jeugbediening
- Getuienisaksie
- Diens van Barmhartigheid (Gemeente-aksies en Gemeenskaps-aksies)

4.2. Funksies
Die primêre funksie van lidmate is om Christus in die wêreld te verteenwoordig. Sommige doen dit daagliks deurdat hulle beroep primêr op bediening gerig is, terwyl ander weer deelneem aan bedieninge volgens hulle gawes. God gee aan alle mense gawes vir bediening. Die kerk bied die geleentheid vir mense om hulle gawes te ontdek en uit te leef, terwyl God mense oproep om by hierdie verskillende bedieninge betrokke te raak.

Die kerk se missie is die verander en transformasie van gemeenskappe in die lig van God se Woord. Die grense strek vanaf sendingvelde in die buiteland, tot op ons voordeur in ons gemeenskappe en by ons kerk self.

Die Bedieningsraad koördineer die werksaamhede van die verskillende bedieninge, soos waarvoor God ons opgeroep het. Tydens die vergadering word terugvoering gegee van dit waarmee die bediening in afhanklikheid va die gees besig is en dit wat die Here op hulle hart lê.

Jaarliks word 'n begroting ingedien en finansiële bystand word verleen volgens die bydraes van die gemeentelede. Getuienisaksie se begroting vorm deel van die Gemeente se vaste uitgawes. Terugvoering van die Bedieningsraad word by die Kerkraad gedoen

4.3. Vergadertye
Die Bedieningsraad kom kwartaalliks byeen.

[8] Samestelling & funksionering moet nog omskryf word

5. Ouderlingeraad

5.1. Samestelling

5.1.1. Wat die Bybel vra

Skrifgedeeltes: Titus 1: 5 en 9; Handelinge 20:28-31; 1 Petrus 5:1-4; Jakobus 5:14; 1 Timoteus 3:1-7

- onberispelik wees;
- getrou aan sy/haar gade wees;
- nugter, verstandig, beskaaf en gasvry wees;
- bekwaam wees om te onderrig;
- nie aan drank verslaaf wees nie;
- nie 'n rusiemaker wees nie;
- inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig wees nie;
- sy/haar eie huisgesin goed kan beheer;
- op waardige wyse oor sy/haar kinders gesag kan uitoefen;
- nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie;
- by mense buite die gemeente ook as 'n goeie persoon bekend staan.

5.1.2. Formulier

- met 'n lewende geloof;
- met 'n begeerte om vir die Here te werk;
- wat bekwaam is om te leer en gewillig is om daarvoor toegerus te word;
- wat 'n hoë sedelike lewenspeil handhaaf;
- wat in alle opsigte betroubaar is.

5.1.3. Gawes

- Onderskeiding
- Wysheid
- Lering

5.1.4. Ander

- Konfidensialiteit
- Geestelik volwasse
- Goeie dogmatiese kennis
- Uitstekende inter-persoonlike vaardighede
- Uitstekende kommunikasie vaardighede
- Spanwerker
- Geroep deur God

5.1.5. Samestelling

Die Ouderlingeraad bestaan uit, maar is nie beperk tot, een Ouderling uit elke Blok.

5.2. Funksies

Die uiteindelike doel van die ouderlinge is om seker te maak dat die gemeente op die regte pad bly, dat lidmate gepas versorg word en dat die Liggaam groei. Hulle moet gesels oor die visie van die gemeente en omsien na die uitvoering daarvan.

5.2.1. Formulier

- die geestelike versorging van die gemeente;
- toesig oor lidmate se gedrag;
- voorbidding, huisbesoek en siekebesoek;
- vermaning van onordelikes en onverskilliges;
- ag gee op mede-ouderlinge en op die leer en lewe van die predikant;
- waak oor die erediens se instandhouding;
- meewerk aan die uitbreiding van die koninkryk van God.

5.2.2. Gemeente

- om jou te verbind aan die missie van die gemeente;
- om die bediening en versorging van lidmate in die koinonia-struktuur te koördineer en te lei saam met die ander ouderlinge en leraars.
- om gereeld vir gemeente te bid.
- om saam met ander ouderlinge 'n strategie te bespreek om kerklos lidmate te betrek en met liefde na hulle uit te reik;
- om die leraar op hoogte te hou van verwikkelinge in die kleingroep, van nuwe lede, van siek mense en van krisis gevalle.

Ouderlinge is 'n voorbeeld en rolmodel. Hulle bemoedig die gemeente. Hulle sien om na die geestelike gesondheid van die gemeente. Gebed is 'n sentrale deel van hul taak.

5.3. Vergadertye

4 maal per jaar, twee weke voor elke Kerkraadsvergadering en soos nodig.

6. Kleingroeperaad

6.1. Samestelling

- 'n Verteenwoordiger uit elke kleingroep
- Kleingroeperaad besluit self of almal Ouderlinge word of nie
- Kleingroeperaad besluit self hoeveel op kerkraad dien.

6.2. Funksies

- om hulle te verbind aan die missie van die gemeente;
- om die bediening en versorging van lidmate in die koinonia-struktuur te koördineer en te lei saam met die ander ouderlinge en leraars.
- om gereeld vir gemeente te bid.
- om saam met ander ouderlinge 'n strategie te bespreek om kerklos lidmate te betrek en met liefde na hulle uit te reik;
- om die leraar op hoogte te hou van verwikkelinge in die kleingroep, van nuwe lede, van siek mense en van krisis gevalle.

Ouderlinge is 'n voorbeeld en rolmodel. Hulle bemoedig die gemeente. Hulle sien om na die geestelike gesondheid van die gemeente. Gebed is 'n sentrale deel van hul taak.

6.3. Vergadertye
4 maal per jaar, twee weke voor elke Kerkraadsvergadering en soos nodig.

7. Klema
Klema voorsien hoofsaaklik in die volgende:

- Woordverkondiging aan jongmense van oor die hele metropool.
- Geestelik-religieuse versorging van al sy lidmate
- Materiële instandhouding van al sy aksies
- Adviseer die Kerkraad.

8. Dagbestuur

8.1 Samestelling:
Die dagbestuur word saamgestel uit die volgende

- Voorsitter van die Bestuursraad
- Voorsitter van die Bedieningsraad
- Verteenwoordiger Ouderlingeraad
- Die Hoof uitvoerende beampte.
- Voorsitter van die Kerkraad wat ook die voorsitter is.

8.2 Funksies.
Die dagbestuur sien om na die daaglikse verloop van gebeure en vervul daardeur die baie belangrike funksie van koördinering van al die aksies op voetsoolvlak.

ADDENDUM A
Agt Patrone van Gestuurde Gemeentes

Inleiding tot die 8 Patrone van Gestuurde Gemeentes

Gestuurde gemeentes luister na God se spesifieke roeping. Gestuurde gemeentes ervaar en neem deel aan God se roeping en die bemagtiging deur die Heilige Gees om deel te neem aan God se sending in die wêreld. Die gemeente doen dit op so 'n manier dat beide die uitreik van die gemeente en die gemeentelike lewe 'n getuienis van Jesus Christus is.

Daar is geen maklike formule nie: "Doen dié drie dinge en julle sal 'n gestuurde gemeente wees." Daar is nie 'n lysie van aktiwiteite wat julle kan uitvoer om sukses te behaal nie. Navorsers het egter ag "patrone" (wat ietwat oorvleuel) geïdentifiseer wat hulle in gestuurde gemeentes teëgekom het. Dié patrone word in meer detail in die boek *Treasure in Clay Jars* bespreek. Daar word ook gemeentelike stories vertel ter illustrasie van dié patrone.

Patrone kan herken word, selfs al is hulle nie identies nie. So kan 'n geruite patroon op materiaal byvoorbeeld verskillend lyk op verskillende tipes materiaal. Geruite materiaal kan verskillende kleure hê, selfs 'n verskeidenheid verskillende kleure. Dit kan simmetries wees – of nie. Die ruite kan klein of groot wees. Die materiaal kan lakenstof of koordferweel wees, katoen of wol. Maar die patroon kan steeds as geruit geïdentifiseer word. Dit is hoe dit werk met hierdie "patrone in gestuurde getrouheid". Die patrone mag in verskillende vorms voorkom in kleiner en groter gemeentes, in verskillende kulturele omstandighede en in verskillende kerktradisies, maar 'n mens kan steeds die patroon identifiseer.

©Church Innovations Institute, 2004

Bybelse vorming en dissipelskap (Patroon 2)

Die gestuurde gemeente is 'n gemeenskap waar al die lede daarby betrokke is om te leer wat dit beteken om dissipels van Jesus Christus te wees. Die Bybel is noodsaaklik in die onderskeidingsproses, want die gestuurde gemeente neem die Bybel as normatief vir haar lewe en getuienis.

Dissipelskap beteken om Jesus te volg. Gedurende sy bediening op aarde was Jesus fisies teenwoordig om sy dissipels te onderrig, lei en vorm. Nou ervaar ons nie net Jesus se teenwoordigheid deur die Gees nie, maar het ook die geskrewe getuienis van die eerste dissipels in die vorm van die Bybel. Die getuienis soos dit in die Woord opgeteken staan, hou steeds aan om Jesus se dissipels te onderrig, lei en vorm.

Christene het opleiding nodig. Gestuurde gemeentes neem nie aan dat enige iemand outomaties weet hoe om 'n Christen te wees nie. Niemand weet outomaties hoe dinge in God se heerskappy gedoen word nie. Om 'n burger van God se heerskappy te word, vereis 'n proses van naturalisering, om 'n nuwe woordeskat en praktyke aan te leer. Gestuurde gemeentes lei bekeerlinge op deur een of ander vorm van bedoelde kategese. Hulle hou aan om nuwe Christene ná hulle doop op te lei. Hulle neem aan dat alle Christene kan aanhou om in dissipelskap te groei. Niemand is ooit "klaar" geleer hoe om Jesus te volg nie.

Gestuurde vorming kan deur Bybelstudie plaasvind. Nie alle Bybelstudie is gestuurde vorming nie. Mense kan die Skrif benader met 'n houding wat vra "Wat is daarin vir my?", eerder as om te kyk hoe die Bybel ons as individue en as gemeente kan verander en omskep. Egte Bybelstudie skep die moontlikheid dat die teks wat ons lees of hoor, ons kan uitdaag en verander.

Kleingroepe is belangrik vir die proses van dissipelmaking. Dissipelmaking vind die beste plaas in sitkamer-grootte groepe mense waar noemenswaardige verhoudings oor tyd ontwikkel is. Sulke kleingroepe kan die volgende doen.

- Hulle bestudeer saam die Bybel en laat die Bybel hulle lewens en die lewe van die gemeente uitdaag.
- Hulle deel in die lig van die Woord kwessies van hulle lewens met mekaar. Sommige kleingroepe beoefen 'n "oorsig oor die lewe", waar een persoon per byeenkoms die groep oor sy/haar lewe vertel en dan na die groep se reaksie en leiding luister. Ander kleingroepe deel jaarliks met mekaar hulle geestelike reise.
- Hulle sorg vir mekaar en hou mekaar verantwoordelik vir hulle doopbeloftes.

Komitees en ander gereelde kerkbyeenkomste kan deur die Bybel gevorm word. Sommige gemeentes begin en eindig hulle komitee- of gemeentevergaderings deur na die Bybel te luister. Hulle verwag dat die Bybelse teks hulle sal lei in die proses om 'n meer getroue kerk te word.

Die gestuurde gemeente is 'n gemeenskap waar al die lede leer wat dit beteken om dissipels van Jesus te wees. Die Bybel het 'n voortgesette, bekerende, formatiewe rol in die lewe van die kerk.

©Church Innovations Institute, 2004 Vennootskap van Gestuurde Gemeentes

Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer (Patroon 4)

Die gestuurde gemeente verstaan dat hulle lewe as 'n gemeenskap 'n teken moet wees van God se toekoms. Hulle lewenswyse moet demonstreer wat God vir die toekoms van die hele wêreld bedoel. Dit is dus nie net uitreik aktiwiteite wat getuig van die heerskappy van God nie. Die gemeentelike lewe is ook 'n gestuurde getuienis.

Die lewenswyse van die heerskappy van God word die beste deur die gemeentelike praktyke gedemonstreer. Praktyke is gereelde, gebruiklike aktiwiteite van die gemeenskap wat oor tyd ontwikkel word. Dié praktyke gee vir buitestanders 'n kykie op wat dit beteken om 'n burger van God se heerskappy te wees – waar hulle dit in die lewe van 'n werklike Christelike gemeenskap kan sien, hoor, proe en voel. Hierdie praktyke help om Christene in die gemeente te vorm en dien as getuienis vir die wêreld.

Die praktyke sluit die volgende in:

- Om na mekaar te luister en genoeg tyd saam te spandeer sodat praat en luister werklik kan plaasvind.
- Om na God te luister deur gereelde gebed – beide individueel en saam met ander.
- Aktiewe hulpvaardigheid aan mekaar. Lidmate is bereid om onderbreek te word en van hulle planne af te sien ter wille van ander se versoeke en eise. Hulle wil "mekaar liefhê soos Ek julle liefgehad het", in die woorde van Jesus aan sy dissipels.
- Hulle verdra mekaar deur moeilike tye, irritasies en teenspoed.
- Hulle is gasvry en betrek diegene wat anders is as hulle. Dit behels ongetwyfeld die oorsteek van grense van etnisiteit, klas, ekonomiese status en kultuur.
- Hulle hou mekaar in liefde verantwoordbaar en is gewillig om raad in die gemeente te gee en te ontvang.
- Vergifnis en versoening. Om te leer hoe om mekaar in die gemeente te vergewe, is onmisbaar daaraan verbind om 'n mens se vyand te vergewe en lief te hê.

Dié praktyke word uitgeleef terwyl die wêreld die gemeente dophou. Dit is moontlik dat meeste van hierdie dinge op 'n geïsoleerde manier binne die gemeente kan plaasvind sonder dat die gemeente gestuur of "missional" is. 'n Gestuurde gemeente verstaan dat dié praktyke nie net oor die interne lewe van die kerk gaan nie. Dié praktyke word in die openbaar uitgeleef. Ander mense buite die kerk hou die kerk dop en vra: "Watter soort lewe lei hulle? Doen hulle wat hulle sê? Sal ek daar welkom wees? Hoe is hierdie Christene anders as ander mense?"

Die kerk se lewe as gemeenskap is 'n bewys van wat God vir die lewe van die hele wêreld bedoel. Hoe Christene teenoor mekaar optree terwyl die wêreld hulle dophou, bepaal of die gemeente 'n gestuurde gemeente is.

©Church Innovations Institute, 2004

Afhanklikheid van die Heilige Gees (Patroon 6)

Die gestuurde gemeente bely haar afhanklikheid van die Heilige Gees, veral deur gesamentlike gebed en om op God te wag.

Gestuurde gemeentes spandeer baie tyd saam in gebed. Gestuurde gemeentes bid Sondae saam. Hulle bid by komitee vergaderings. Hulle bid by kleingroep byeenkomste. Hulle hou spesiale gebedsdienste. Sommige gemeentes vaardig mense af vir spesifieke gebedsbedienings, ander hou gebedstappe deur die buurt. Ander het soggens vroeg voor werk gebedsbyeenkomste, of oor die middaguur, of saans. Sommige gemeentes spandeer baie tyd aan stilgebed. In sommige gemeentes is daar groepe wat byna elke dag van die week saam bid. Een gemeente kanselleer van tyd tot tyd vir 'n week al hulle aktiwiteite (behalwe die erediens op die Sondag oggend), sodat die lidmate saam kan bid.

Die gestuurde gemeente wil hulself volledig in God se hande plaas. So 'n gemeente bid saam met Jesus in die Tuin van Getsemane: "Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" Deur effektiewe gebed stel ons ons eie wense en begeertes opsy en wil slegs hê dat God se wil moet geskied. Gebed gaan nie oor wat ons wil hê nie, maar wel om oor te begeer wat God wil hê. Dit mag riskant voel om onsself, ons gemeente, heeltemal in God se hande te plaas, maar ons moet onthou dat God 'n liefdevolle God is. Hy het ons geskep en geroep om deel te wees van God se sending in die wêreld.

Afhanklikheid van die Heilige Gees roep die kerk om nie slegs op haar eie kragte staat te maak nie. Dieselfde God wat die kerk 'n gestuurde roeping gegee het, gee haar ook die krag om daardie sending uit te voer. Dalk is dít wat Jesus bedoel het toe Hy sy seën uitgespreek het oor die "afhanklikes" (Matt 5:3) – hulle wat weet hulle kan nie alles op hulle eie doen nie. Hulle het ander mense nodig, en vir God. Hulle is die mense wat die koninkryk van die hemel verstaan.

Die kerk verwag van die Heilige Gees om in die wêreld en in die kerklike lewe te handel. Gebed prys God vir wat sy Gees reeds gedoen het, en antisipeer ook verdere optrede deur God. Dié verwagting van God se optrede sluit in sy leiding in gemeentelike besluitneming. Wanneer die kerk in afhanklikheid van die Heilige Gees besluite neem, verwag sy dat die Gees sal die gemeente help om haarself meer in lyn te bring met God se handeling en doelstellings in die wêreld.

Die Heilige Gees sal aanhou om ons in die rigting van Jesus Christus te lei, soos ons Hom deur die Woord ken. Afhanklikheid van die Heilige Gees is nie 'n alternatief vir Bybelse vorming nie. Ons kan eerder op die Heilige Gees staatmaak om ons te herinner aan Jesus, soos Hy self in Joh 15:26 sê: "Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig." Die boodskap van die Gees aan ons vandag sal ooreenstem met die getuienis in die Woord. So moet ons ontmoeting met die Woord en ons pogings om ons gestuurde roeping uit te leef, die kerk lei om selfs meer as in die verlede op die Heilige Gees staat te maak.

©Church Innovations Institute, 2004 Vennootskap van Gestuurde Gemeentes

Gestuurde gesag (Patroon 8)

Leiers van gestuurde gemeentes oefen saam gestuurde gesag uit wat die visie van gestuurde roeping in die gemeenskap dra. Hulle kweek die praktyke wat die roeping in die gemeenskap vaslê.

Gedeelde gesag. Gestuurde gemeentes mag een of meer predikante hê. Maar in die kern van die gemeente is 'n klein gemeenskap van leiers – betaalde en/of onbetaalde, georden of nie – wat verskeie funksies, rolle en titels kan hê. Dié gesag is nie om baas te speel oor ander nie, maar is deur die Heilige Gees gegee. Gemeentelike leiers dien onder God, die absolute gesag. In gestuurde gemeentes is hierdie kerngroep leiers op die voorpunt daarvan om te dink oor en deel te neem aan God se sending in die wêreld. Gemeentelike leiers verwelkom kontak en kameraadskap met leiers van ander gemeentes wat ook gestuurde gemeentes wil wees.

Draers van visie. Leiers van gestuurde gemeentes kan help om die gestuurde roeping van die kerk te onderskei en formuleer. Maar effektiewe en getroue leiers dra altyd die visie en hou die gemeente aanspreeklik vir dit waartoe God hulle geroep het. Om die visie te dra, beteken dat dit voor die gemeente gehou moet word, dat mense daaraan herinner moet word en aanspreeklik gehou moet word vir wat hulle gesê het hulle gaan doen, en om te onderskei of dit wat die gemeente mee besig is, ooreenstem met haar roeping. Daar word gesê dat die meeste visies tot 'n faktor van 10 onder-gekommunikeer word. Vir gestuurde leiers is dit oorbodig om die gestuurde roeping van die gemeente te kommunikeer. Hulle ken hulle roeping so goed dat hulle dit verpersoonlik.

Kwekers van gestuurde praktyke. Leiers van gestuurde gemeentes kweek die praktyke wat die gemeente se gestuurde roeping in die lewe van die gemeenskap vestig. Hierdie leiers verstaan dat die uitvoer van 'n gestuurde roeping meer is as bloot die ontwikkeling van 'n strategiese plan, so goed as wat dit op sigself is. Gestuurde roeping word deur praktyke ondersteun (gereelde gewoontes wat oor 'n tyd ontwikkel is wat demonstreer hoe dinge in God se koninkryk gedoen word). Praktyke soos gasvryheid of om mekaar se laste te dra word nie tweede natuur in die kerk nie, tensy mense daarvoor opgelei word, daaraan herinner word en aangemoedig word om so op te tree. Gestuurde leiers kweek nie net hierdie beginsels in ander nie, maar tree ook volgens dit op. Leiers wat 'n eenvoudige lewenswyse preek en wat vriendelik is teenoor die wêreld, beoefen 'n eenvoudige lewenswyse. Leiers wat gasvryheid predik, is gasvry. Die kern leierskapgroep het goeie verhoudings met mekaar, net soos hulle van ander in die gemeente verwag om goeie verhoudings met mekaar te hê. Leiers bid vir mekaar wanneer hulle die gemeente in gebed oplei. Leiers vergewe mekaar soos hulle ander leer om te vergewe. Leiers moet dit wat dit impliseer om 'n gestuurde gemeente te wees, uitleef.